Ons vermeerder God se vreugde!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Geskryf deur Johannes Nortier
7 April 2022

Gedagte vir die week:
Gesonde geloof is in wese groeiende geloof.

Vertrekpunt:
Handelinge 8:1-25

Meditasie uit die Woord:
Ek het nooit gedink dat ek dit sal sê of skryf nie, maar hier is dit nou: "Godsdiens kan anti-goddelik wees". Ek lees dit in Handelinge 8 wanneer mense met die beste bedoelinge moontlik, godsdiens beoefen op 'n anti-goddelike wyse. In die naam van God en geloof en godsdiens word mense uit hulle huise gesleep, in tronke gegooi en op die wreedste moontlike manier, soos dmv steniging, doodgemaak. Ek skrik wanneer ek dit lees en selfs al het ek begrip vir die konteks van daardie tyd, bly dit moeilik. Ek hoor dit verder wanneer die een, Petrus, wat die meeste genade ontvang het, die minste genade het en Simon summier verderf toe stuur. Ek sou dink dat 'n mens Simon darem 'n kans moet gee om eers net te groei tot beter begrip en insig. Die kerkomgewing kan so wreed wees, selfs wreder as die wêreld daarbuite. Vandag nog. Meer subtiel, maar nog steeds. Dink maar aan ons eie gemeente-seun, Stefan de Klerk, wat onlangs in die NG Gemeente Bloubergstrand as predikant bevestig is en die oggend van sy bevestiging in die Rapport moes hoor hoe gemeentelede hom verwerp. Hoe wreed kan 'n mens nou wees? En tog in Handelinge 8 gee die gewone, eenvoudige gelowiges 'n mens hoop, want hulle steek die ou grense oor. Hulle breek die ou vyandskap met die Samaritane af en verkondig as Joodse Christene aan hierdie "honde van die verlede" die liefde van Jesus Christus. Mettertyd sou Paulus en Petrus en hopelik Simon ook saamgroei tot 'n beter verstaan van God en geloof en godsdiens. En ek woon Stefan se intreepreek dieselfde Sondagaand by in Bloubergstrand en ek sien en hoor die mooiste preek … geen wraak, geen kwaad, net Jesus en Saggeus se storie, só mooi vertel dat dit my hart beweeg. Jy sien, geloof is 'n reis waarin ons altyd moet groei tot groter suiwerheid. Laat ons mekaar dus nie veroordeel nie, maar geduldig die reis meemaak met Paulus en Petrus en Simon en Stefan en die mense van Bloubergstrand en met onsself. Niemand van ons het dié Waarheid nie. Ons bly steeds soekers na die waarheid.

Reisgesprek en Youtube-skakel:
Op Sondagoggend 10 April 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek **in die kerkgebou**. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by https://youtu.be/MI5ydT9XHRc

Meditasie uit die Lewe:
Ons gesels tans in ons leiersgroep oor die gemeente se indentiteit. Dit is 'n dinamiese gesprek en jy mag daaraan deelneem deur te reageer via enige kanaal van jou keuse. Hier is die volgende gedeelte:

Gebed	Ons glo dat gebed deurlopend luisterend van aard is. Gebed is nie 'n meganisme om God te oortuig om te doen wat ons gedoen wil hê nie en ook nie om te kry wat óns wil hê nie. Ons werk dus nie met gebedskettings en gebedslysies en gebedsversoeke nie. Ons sê ook nooit "amen" nie, want ons is konstant in gebed. Ons sal nooit aan gebed dink, of dit gebruik, as 'n manier waarop ons die hand(e) van God in beweging moet bring nie. Gebed mag nie 'n aparte en losstaande bediening wees nie, maar moet 'n integrale deel wees van elkeen se daaglikse lewens.

Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net** of **nortierjohannes6@gmail.com**